

DIE BURGERSPENSIEN

Die volle verhaal van die toelaag wat Thomas Francois Burgers ná die Britse anneksasie van die Suid-Afrikaanse Republiek in 1877 uit die fondse van die Britse kolonie Transvaal ontvang het en deur sir Michael Hicks Beach beskryf is as 'n „subject, which is surrounded by exceptional and embarrassing circumstances”,¹ is nog nie vertel nie. S. P. Engelbrecht het dit wel probeer doen in sy *Thomas Francois Burgers*² en 'n paar ander werke soos dié van C. J. Uys,³ T. F. Carter⁴ en A. Trollope⁵ bevat iets oor die onderwerp.

Met my navorsing oor die Transvaalse Geskiedenis vir die jare 1877-1881, wat ek in die Republiek en oorsee met die finansiële steun van die Raad vir Geesteswetenskaplike Navorsing onderneem het, het ek gegewens raakgeloop wat die onderwerp verder belig. Dit kom hoofsaaklik voor in geheime en private dokumente, onder andere in die *Colonial Office*-stukke en die *Carnarvon Papers* in die *Public Record Office*, Londen, die *Government House*-argief in Kaapstad, die *Shepstone Collection* in die Natalse Argief en die Burgers-stukke van die Engelbrecht-versameling in die Transvaalse Argief. Maar selfs met gebruikmaking hiervan is daar nog gapings en teenstrydighede waarop geen antwoord gevind is nie. Die onderwerp is boonop vandag nog „exceptional and embarrassing“; „exceptional” veral in die sin dat geen Transvaalse staatspresident voor of na Burgers na my wete 'n pensioen ontvang het nie, en „embarrassing” hoofsaaklik omdat die pensioen met verraad in verband gebring is. Dit is duidelik dat die onderwerp alleen tot sy volle reg kan kom indien ook 'n indringende studie van die verhouding tussen Shepstone en Burgers gemaak word. So 'n studie het ek nie onderneem nie⁶ en wat volg is slegs 'n poging om deur die bekendstelling van 'n paar dokumente die verhaal van die Burgerspensioen vollediger aan te bied en om 'n paar probleme wat daarmee saamhang onder die soeklig te plaas.

Die Burgerspensioen het sy oorsprong in 'n belofte wat sir Theophilus Shepstone aan Thomas Francois Burgers gemaak het dat hy hom by die Britse regering sou aanbeveel vir 'n jaarlikse pensioen van £1000. Oor die datum waarop die belofte gemaak is, hang 'n vraagteken. Op 18 April 1877, d.w.s. ses dae nadat Shepstone die Britse vlag in Pretoria gehys het, verwittig hy lord Carnarvon, die Britse minister van kolonies, in 'n private brief van die belofte wat hy aan Burgers gemaak het, „at the commencement of my stay here”.⁷ Aan R. G. W. Herbert, die

1. C.O. 879/13, *African No. 154*, p. 221: M. Hicks Beach aan T. Shepstone (konfidensieel), Downingstraat, 11 Jul. 1878.
2. Pretoria, 1933, pp. 383-392.
3. C. J. Uys: *In the Era of Shepstone*, Lovedale, 1933.
4. T. F. Carter: *A Narrative of the Boer War: its Causes and Results*, Londen, 1883.
5. A. Trollope: *South Africa*, 2 dele, Londen, 1878.
6. Mnr. P. A. S. Lombard is tans besig om die verhouding tussen Shepstone en Burgers vir 'n M.A.-verhandeling na te vors.
7. Shepstone Collection: T. Shepstone aan Carnarvon (privaat), Pretoria, 18 Apr. 1877.

permanente onder-sekretaris van kolonies, skryf hy op 16 Mei 1877 dat hy die belofte gedoen het „on my first arriving here”.⁸ Die aangehaalde woorde dui geen spesifieke datum aan nie, maar impliseer dat dit kort na Shepstone se aankoms in Pretoria op 22 Januarie 1877 moes gebeur het. ’n Hele paar argumente, waarvoor hier nie die ruimte is nie, kan aangevoer word om die onwaarskynlikheid hiervan aan te toon. Selfs prof. C. J. Uys, wat hom soms deur Shepstone om die bos laat lei het, trek dit in twyfel dat die belofte kort na Shepstone se aankoms in Pretoria gemaak is.⁹

Hierteenoor vertel Burgers in sy verweerskrif dat hy na die anneksasie besluit het om op sy plaas te gaan bly „die louter een stuk onontgonnen land was, ver van elke levende ziel, met huis nog boom er op”. Toe Shepstone hiervan hoor, aldus Burgers, het hy gesê dat so-iets „te erg en een wreedheid” vir Burgers se vrou en kinders sou wees en belooft hy hom van regeringsweë ’n toelaag van £1000 per jaar.¹⁰ Ook in ander getuienisse staan Burgers daarby dat die belofte *na* die anneksasie aan hom gemaak is.¹¹ Burgers kon egter goeie redes gehad het om die waarheid te verdraai en sy getuienis kan net soos dié van Shepstone ook nie sonder meer aanvaar word nie.

Nog ’n getuie kan ingeroep word. Hy is Philip Watermeyer, lid van die Kaapse Wetgewende Vergadering vir Colesberg, wat ’n intieme vriend en ’n voormalige diaken van Burgers was, asook ’n moontlike grondeienaar in die Transvaal.¹² In ’n onderhoud wat Watermeyer in Junie 1878 met Kaapse goewerneur en hoë kommissaris sir Bartle Frere gevoer het, maak hy daarop aanspraak dat hy „at the time of the annexation” die tussenganger was deur wie die onderhandelings oor die pensioen gevoer is en dat hy die beloofde pensioen as ’n argument gebruik het om Burgers van weerstand teen die anneksasie te laat afsien.¹³ Hieruit kan ons aflei dat die pensioenbelofte kort voor die anneksasie gemaak is, maar ons het geen sekerheid dat Watermeyer wel ’n tussenganger was nie. As ons slegs die woorde „at the time of the annexation” in ag neem, kan dit ook kort na die anneksasie gewees het. In ’n brief wat Shepstone in Januarie 1878 geskryf het, gebruik hy ook woorde waarin ’n mens moontlik kan lees dat die belofte na die anneksasie gemaak is, naamlik „the action which it became necessary for me to take on behalf of Her Majesty’s Government *having dispossessed him, I promised that I*

8. Shepstone Collection: T. Shepstone aan R. G. W. Herbert (privaat), Pretoria, 16 Mei 1877.
9. C. J. Uys, p. 415.
10. Engelbrechtversameling 8, lêer 29, p. 30: T. F. Burgers se Verweerskrif in *Volksblad*, 24 Des. 1881.
11. O.o. P.R.O. 30/6/33 nr. 107: H. B. E. Frere aan Carnarvon (privaat), Kaapstad, 10 Aug. 1877 waarin Frere verslag doen van ’n onderhoud met Burgers; en Engelbrechtversameling 5, lêer 18, pp. 278-279: T. F. Burgers aan Vriend (Bergsma) (privaat), Kaapstad, 5 Aug. 1877; en pp. 373-376: T. F. Burgers aan Vriend (Roland Holst) (privaat), Zoetvallei, 1 Mrt. 1881.
12. Vgl. S. P. Engelbrecht: *Thomas Francois Burgers, ’n Lewenskets*, Pretoria, 1933, p. 388; en P.R.O. 30/6/33 nr. 51: H. B. E. Frere aan Carnarvon (privaat), Kaapstad, 26 Jun. 1877.
13. C.O. 879/13, *African No.* 154, p. 264: H. B. E. Frere aan M. Hicks Beach

would recommend him . . . for a pension . . .”¹⁴ Alles in ag genome bly die datum van die pensioenbelofte egter vaag, wat nogal jammer is, want dit maak sekere afleidings oor die Shepstone-Burgers-verhouding onmoontlik.

Nadat Burgers op 22 April 1877 besluit het om na Kaapstad te gaan, het hy sy los goed op 'n vendusie verkoop en Pretoria op 5 Mei verlaat. Hy het Kaapstad op 21 Junie bereik en vier dae later 'n onderhoud met Frere gehad. In die gesprek wat oor die anneksasie, konfederasie en Burgers se verhouding met Frere gegaan het, is geen woord van die pensioen gerep nie. Tog sou Frere later ook 'n bydrae maak tot die oplossing van die pensioenprobleem en was die indruk wat hy van Burgers gekry het van belang. Burgers was uiters versigtig en dit is duidelik dat Frere nie presies geweet het waar hy met hom staan en hoe hy hom moes hanteer nie. Hy vra dan ook skriftelik aan Shepstone: „Let me know frankly how you wish I sh(oul)d deal with him”.¹⁵ Selfs Carnarvon was bekommerd oor Burgers se houding en was gretig om te verneem wat die „very clever, unscrupulous man” vir Frere te sê sou hê. Carnarvon was selfs bereid om hom te gebruik, maar dan slegs in 'n posisie waar hy absoluut onder beheer was.¹⁶

Toe daar gerugte was dat Burgers hom vir die Kaapse parlement verkiesbaar sou stel, het Frere die mening gelug dat hy 'n „uncomfortable element” sou wees.¹⁷ Selfs Shepstone was nie heeltemal gerus oor die „very impulsive man” nie en raai Frere aan om hom „frankly but not too confidentially” te behandel.¹⁸ Hierdie uitlatings dui daarop dat Burgers nie in die openbare lewe terug verwelkom sou word nie en dat sy entoesiasme moontlik met 'n pensioen gedemp kon word. Maar laat ons nie die verhaal vooruitloop nie.

Intussen het Burgers se finansiële sorge toegeneem. Teen Augustus 1877 was die pensioen nog slegs 'n belofte. Eers op hierdie stadium skryf Shepstone aan Burgers dat die Britse regering die anneksasie bevestig het en dat hy nou sy weg oopsien om die pensioen amptelik aan te beveel.¹⁹ Soos ons later sal sien het hy dit egter nie onmiddellik gedoen nie. Nogtans was daar reeds oor die lengte en breedte van Suid-Afrika 'n gerug in omloop dat Burgers 'n pensioen van £750 per jaar sou ontvang en word

14. C.O. 878/13, *African No.* 150: T. Shepstone aan Carnarvon (konfidensieel), Utrecht, 16 Jan. 1878. My kursivering.
15. Vgl. P.R.O. 30/6/33 nr. 51: H. B. E. Frere aan Carnarvon (privaat), Kaapstad, 26 Jun. 1877; en Shepstone Collection: H. B. E. Frere aan T. Shepstone (privaat), Kaapstad, 26 Jun. 1877. Aanhaling uit lg.
16. P.R.O. 30/6/33 nr. 42: Carnarvon aan H. B. E. Frere (privaat en vertroulik), Dorchester, 23 Mei 1877.
17. P.R.O. 30/6/33 nr. 79: H. B. E. Frere aan Carnarvon (privaat), Kaapstad, 2 Jul. 1877.
18. Shepstone Collection: T. Shepstone aan H. B. E. Frere (privaat), Pretoria, 24 Jul. 1877.
19. Shepstone Collection: T. Shepstone aan T. F. Burgers (privaat), Pretoria, 7 Aug. 1877. (konfidensieel), Kaapstad, 18 Jun. 1878.

hy in die lig daarvan as 'n verraaier uitgemaak.²⁰ Burgers se vyande het hulle hierin verlustig, maar vir sy vriende het dit gepla, onder andere vir Piet Joubert in die Transvaal, maar, verontskuldig hy hom self, „daar ik geen geleerde ben voel ik mijn niet bekwaam genoeg al de laster te weerleggen”.²¹ Sels in Nederland het die kwessie van die aanvaarding of nie-aanvaarding van 'n Engelse jaargeld polemieks uitgelok, maar die meerderheid het gevoel dat hy dit moes aanvaar want „uw verleden is waarborg tegen laster”, skryf A. Roland Holst.²²

Vir Burgers, wie se gesondheid en geldsake steeds agteruit gegaan het, was die gerugte oor die pensioen en die beskuldigings oor verraad beslis verontrustend. Ook ander gerugte oor die Transvaal het hom bekommer. Hy vra dus 'n onderhoud met Frere aan en dit vind op 9 Augustus 1877 plaas. Op die volgende dag het Frere in 'n private brief aan Carnarvon hieroor verslag gedoen.²³ Hierdie dokument werp lig op 'n aantal kwelvrae en ek ag dit nodig om dit redelik volledig te behandel.

Met die onderhoud het Burgers van Frere verneem of hy hom inligting kon gee oor die waarheid van die talle koerantberigte oor Kruger en Jorissen se onderhoud met Carnarvon, die konstitusie wat aan Transvaal toegeken sou word, die pensioen van £750 wat Carnarvon aan Burgers wou gee en nog ander sake. Hy wou veral weet of dit waar was dat Carnarvon die anneksasie van Transvaal as onherroeplik beskou. Frere het hierop alle inligting verskaf waaroor hy beskik het — ongelukkig meld hy nie wat dit alles was nie. Oor die moontlike herroeping van die anneksasie het hy Carnarvon se woorde vir Burgers aangehaal. Burgers het volgens Frere hieroor baie verlig gevoel, want dit het hom 'n vrye man gemaak en hom onthef van sy eed van trou aan die Republiek. Op 'n vraag van Frere of ander persone wat deur hulle eed verhinder is om hulle heelhartig aan Britse gesag te onderwerp, ook soos hy op Carnarvon se aankondiging sou reageer, het Burgers bevestigend geantwoord. Hy het verduidelik dat die Transvalers hulle nie teen die anneksasie verset het nie, maar dit ook nie onvoorwaardelik aanvaar het nie. Hulle besluit was „to submit and appeal to reason and sense of justice” maar Carnarvon „had given judgement against them and from that judgement there was no appeal. They were now in the condition of a people who by fortune of war, have passed to another sovereign”.

Die volgende deel van die brief is direk op die pensioen van toepassing en word volledig aangehaal: „He (Burgers) then explained what

20. Vgl. o.a. A. Trollope II, p. 64; Engelbrechtversameling 5, lêer 18, pp. 278-279; T. F. Burgers aan Vriend (Bergsma) (privaat), Kaapstad, 5 Aug. 1877, en pp. 377-382; T. F. Burgers aan B. Cuperus, Buitenzorg, 6 Jun. 1881; en Engelbrechtversameling 4, lêer 17, pp. 216-219; P. J. Joubert aan T. F. Burgers (privaat), Rustfontijn, 9 Aug. 1877, en pp. 222-225; A. Roland Holst aan T. F. Burgers (privaat), Beukelen, 1 Sept. 1877.

21. Engelbrechtversameling 4, lêer 17, pp. 216-219; P. J. Joubert aan T. F. Burgers (privaat), Rustfontijn, 9 Aug. 1877.

22. Engelbrechtversameling 4, lêer 17, pp. 222-225; A. Roland Holst aan T. F. Burgers (privaat), Beukelen, 1 Sept. 1877.

23. P.R.O. 30/6/33 nr. 107; H. B. E. Frere aan Carnarvon (privaat), Kaapstad, 10 Aug. 1877.

he meant by 'being a free man'. He had a small fortune, enough for his own personal wants, when he went to the Transvaal; but this and all he received as President, had gone in his attempts to maintain the government, and he was now dependant on his own exertions to support himself and his family. He could easily have maintained himself by farming; but he thought for many reasons his presence in the T(rans)v(aal) might impede the introduction of a permanent form of good government, and he had determined to come to the Cape Colony where he had many friends, and commence practice as an advocate. Before he left, Shepstone had told him, unasked, that he had recommended him for a pension of £1000 being $\frac{2}{3}$ of his salary (of) £1500 as President. This he felt he could accept without scruple, for he had spent all that he had, and ruined his own health and prospects, in the service of the T(rans)v(aal). Since the rumour of a pension being intended for him had been discussed in the newspapers, some of his friends had taken the same view of it — others had urged him to decline it, and many cruel things had been said of and to him, by friends as well as enemies, on the subject. For himself he felt that he had acted throughout for the good of the country and people and when the annexation became inevitable, it was ruin to his own prospects, though the only means of saving the state. He felt therefore that it was his duty to prevent fruitless opposition to it, and no disgrace to accept what Shepstone proposed to offer — not as the price of concurrence in doing any injury to the country, but as an acknowledgement of his aid in saving the country from worse disasters".

Wat die aangehaalde gedeelte met Burgers se gevoel as vrye man te make het, is nie duidelik nie. Moontlik impliseer dit dat hy hom na Carnarvon se beslisse weiering om die anneksasie ongedaan te maak vry voel om al hierdie dinge aan Frere bekend te maak, of dat hy 'n pensioen nou makliker sou aanvaar. Anders het hy dalk sy storie met 'n lang aanloop begin om uit te kom by die deel van die onderhoud waar hy te kenne gee dat hy konfederasie sou verwelkom en sy hulp aanbied om dit deur te voer. Moontlik het hy hom vry gevoel om hierdie aanbod te maak. Volgens Frere kon hy nie spesifiek sê hoe hy gebruik kon word nie, maar was hy gretig „to let me know his desire to serve wherever he could be useful”.

Indien Burgers 'n betrekking aangebied kon word, sou 'n pensioen nie nodig gewees het nie. Dit lyk egter nie of Frere enigsins gretig was om Burgers te gebruik nie. Hy bejammer hom nogtans en skryf: „He was in very low spirits and was frequently deeply affected as he spoke, and I believe, from all I hear, he is really without means of any kind, and must take some steps to earn a living”. Frere stel dit dus aan Carnarvon dat dit verstandig sou wees om Burgers so gou doenlik in kennis te stel wat hy kon verwag. Na sy mening sou 'n jaarlikse pensioen van £750 voldoende wees, want £1000 sou darem te gunstig vergelyk met die salaris en pensioene van die hoogste amptenare in Suid-Afrika. Terloop kan gemeld word dat Frere self £500 per jaar sou ontvang het indien hy voor sy koms na Suid-Afrika met pensioen afgetree het.

Maar ook Frere se aanbeveling was privaat van aard. In Londen is daar nog nie oorweging geskenk aan 'n pensioen vir Burgers nie en namate die jaar 1877 ten einde snel, het dit nie alleen stoflik nie, maar ook liggaamlik met Burgers al slegter gegaan. So was hy vroeg in Desember in die bed met 'n pyn in die milt, wat deur mev. Burgers eerder aan sy stoflike bekommernisse as aan die Kaapse klimaat toegeskryf is. Gevolglik rig sy 'n brief aan Philip Watermeyer, wat toe in Potchefstroom was, om tog na Shepstone te gaan en hom te vra „if he will kindly let Mr. Burgers know when he is to receive the pension, so that he need not be kept any longer in this dreadful suspense nor run more into debt by waiting here”.²⁴ Watermeyer het hierdie brief op 7 Januarie 1878 aan Shepstone gestuur. Op hierdie tydstip was die Burgerspensioen juis in oorweging in Pretoria.²⁵ Moontlik het mev. Burgers se brief tog vir Shepstone tot spoedige optrede aangespoor.

Op 17 Januarie 1878 het Shepstone in 'n brief aan Burgers sy spyt uitgespreek „that I have not as yet been able to get your pension arranged for”. As verskoning het hy aangevoer dat die finansies eers volledig ondersoek moes word en vir daardie doel het die Koloniale Kantoor W. C. Sargeaunt na die Transvaal gestuur. Shepstone wou toe in oorleg met Sargeaunt begin om die pensioen te betaal met die vertroue dat die Britse regering dit tog sou goedkeur, maar Sargeaunt wou hê dat dit eers amptelik aan Carnarvon vir goedkeuring voorgelê word.²⁶ Gevolglik het Shepstone dit op 16 Januarie 1878 in 'n vertroulike brief gedoen. Omdat hierdie brief belangrike inligting bevat en een van dié is wat nog nie tevore deur historici oor hierdie onderwerp gebruik is nie, word dit in sy geheel hier aangehaal:

„When last year I annexed the Transvaal Republic to the Dominions of Her Majesty, Mr. Thomas Francois Burgers was the head of the Government as President.

(2) From the first I made a point of being perfectly frank in all my personal intercourse with him; it was not necessary for me to explain to him the prostrate helpless condition in which the Government of the Republic and the Republic itself had fallen; he was more completely aware of this than I could be. I could suggest but one remedy, that which I ultimately applied, while he to the last clung to the hope, that, by the application of extraordinary pressure upon the people and their representatives, he could re-establish the Republic in a healthy and self-sustaining condition, and so avert what I considered inevitable.

(3) He, however, failed in spite of the most strenuous exertions, ultimately he tried to influence for the good of the country the details of a measure which he could no longer successfully resist.

24. Shepstone Collection: M. Burgers aan P. Watermeyer (privaat), Kaapstad, 3 Des. 1877.

25. Vgl. Shepstone Collection: W. Sargeaunt aan T. Shepstone (privaat), Pretoria, 9 Jan. 1878.

26. Shepstone Collection: T. Shepstone aan T. F. Burgers (privaat), Utrecht, 17 Jan. 1878.

(4) Mr. Burgers' conduct has been the subject of severe and adverse criticism both here and elsewhere, and there is no doubt that in the Transvaal he is looked upon with great disfavour, because it is believed that he enriched himself by appropriating a revenue that was not collected, and by selling the country.

No one could, however, have been in a better position to judge of his conduct and of his motives than I was, and I feel no hesitation in saying that he acted zealously, honestly, and conscientiously for the best interests of his country; first, to arouse the people by self-sacrifice and exertion to maintain their independence, and when he found this unavailing, he at the last moment turned his attention to securing for them and the country such privileges and rights as it was in my power to concede. He left the country, as I have good reason to know, a poor man, and is, I believe, at this moment, living with his family near Cape Town in a condition approaching to destitution.

(6) Mr. Burgers is blamed for not having used force to resist my proclamation, this it was in his power to have done, but he was too thoroughly aware of the inherent weakness of the state, of the incoherent elements which is contained, and the self-destructive nature of those elements, to favour the adoption of such a course; he had to deal with ignorant self-sufficiency and prejudice which prevented the application of reason to such a subject, and therefore, at imminent peril to himself, had he to act upon his better knowledge and better judgment.

(7) Had Mr. Burgers assented to the use of force it would undoubtedly have been used, a great calamity would, in that event, have befallen the people and the country, and an enormous expenditure would have been imposed on Her Majesty's Government.

(8) I can scarcely over-estimate the services to this country and people and to Her Majesty's Government which Mr. Burgers rendered by preventing the fury of blind infatuation from bursting forth in civil war.

(9) Finding Mr. Burgers in possession of the Government of the Republic as President, and the action which it became necessary for me to take on behalf of Her Majesty's Government having dispossessed him, I promised that I would recommend him to your Lordship for a pension of £100 a year. It is true that but for my action an election for president would have very soon taken place. Mr. Burgers and Mr. Kruger were the only candidates, and Mr. Burgers might not have been re-elected, but it is impossible to speculate as to which might have been successful, and it is safest to consider their chances to have been equal.

(10) I trust therefore that your Lordship will find yourself able to approve of and confirm my promise. I must not, however, conceal from your Lordship that to pay it out of the revenues of this country will for some time to come at least, and until

Mr. Burgers' services are better appreciated and more thoroughly understood, be very unpopular and encounter strong opposition."

Hierdie brief bevat 'n duidelike antwoord op die vraag waarom 'n pensioen aan Burgers toegeken is. Indien Burgers sy land verkoop van verraai het, sou Shepstone dit sekerlik in hierdie vertroulike brief openbaar het. Hy meld egter slegs dat Burgers vergoed kan word omdat hy oorlog verhoed het en sy presidentskap verloor het. 'n Mens lees ook nêrens dat Burgers byvoorbeeld gesê is dat as hy oorlog sou verhoed, hy 'n pensioen sou kry nie. Philip Watermeyer het in hierdie rigting geneig in sy onderhoud met Frere, wat reeds behandel is. Voorts is Shepstone se getuenis in hierdie brief in 'n mate teenstrydig met opmerkings wat hy in private briewe aan Frere, Bulwer e.a. oor Burgers se gesindheid gemaak het. 'n Mens hoef maar net Uys se *In the Era of Shepstone* te lees om onder die indruk daarvan te kom. In hierdie amptelike vertroulike brief sou Shepstone hom myns insiens eerder by die waarheid gehou het.

Op sy beurt het Sargeaunt op 23 Januarie 1878 'n memorandum aan Shepstone se amptelike aanbeveling geheg. Hy het Shepstone se mening bevestig dat dit nie byval sou vind as die pensioen uit Transvaalse fondse betaal word nie, maar voeg daaraan toe: „The prevailing or nearly universal idea amongst the people of the province is that Mr. Burghers was a traitor to the late Republic, and that he sold the country to the British Government, if so it may be said that the people ought not to object to pay him for the advantages which will accrue to them in consequence of the course they supposed he pursued” — 'n tipiese redenasië van 'n negentiende eeuse Britse imperialis. Hy gaan akkoord met Shepstone dat Burgers 'n oorlog verhoed het wat rampspoedig vir Transvaal sou gewees het en vir Brittanje 'n groot klomp geld uit die sak sou gejaag het. Hy meen egter dat 'n pensioen van £00 per jaar voldoende sou wees.²⁸

In der waarheid was Sargeaunt van mening dat Shepstone op niks geregtig was nie, want hy skryf in 'n private brief aan Shepstone: „ . . . the only good thing he did, was to make way for you; that he managed the matter in a peaceful way and prevented bloodshed is all I can place to his credit; however a promise is a promise . . .”²⁹ Ook die skrywer Anthony Trollope, wat met sy besoek aan Suid-Afrika 'n onderhoud met Burgers in Kaapstad gevoer het, was sterk gekant teen die toekenning van 'n pensioen. Volgens hom sou dit oneervol vir Burgers wees om 'n Britse jaargeld te ontvang en indien hy dit sou aanvaar „then I think that he had better at least live far away from the Transvaal, and from the hearing of the sound of a Dutchman's voice”. Bowendien sien hy geen rede waarom Burgers 'n pensioen betaal moes word nie, want hy het

27. C.O. 879/13, *African No.* 150, pp. 149-150: T. Shepstone aan Carnarvon (konfidensieel), Utrecht, 16 Jan. 1878.

28. C.O. 879/13, *African No.* 150, p. 150: Memorandum deur W. C. Sargeaunt (konfidensieel), 23 Jan. 1878.

29. Shepstone Collection: W. C. Sargeaunt aan T. Shepstone (privaat), Pretoria, 23 Jan. 1878.

uiters nog 'n maand of twee gehad voordat hy in 'n verkiesing verslaan sou word. Hy kom tot die slotsom dat „an expensive and disagreeable duty was forced upon us by a country which could not rule itself, and certainly we should not convict ourselves of an injustice by giving a pension to the man whose incompetence imposed upon us the task”.³⁰

Trollope se opmerkings, wat in sy tweedelige werk oor Suid-Afrika verskyn het, was nie in alle opsigte korrek nie, maar is in ag geneem toe Shepstone se aanbeveling vir 'n pensioen vir Burgers in Maart 1878 in die Koloniale Kantoor oorweeg is. W. H. Malcolm het hom daarmee vereenselwig. Hy meen dus dat Burgers liever in een of ander hoedanigheid in diens geneem moes word. Indien dit nie slaag nie en dit bewys kon word dat Burgers werklik in armoede verkeer, was Malcolm bereid om dit as 'n liefdadigheidsgeval te beskou en 'n toekening vir 'n paar jaar te maak sodat Burgers weer op die been kon kom. Hierteenoor was R. G. W. Herbert, wat Burgers „as by far the ablest and most eloquent politician in the Transvaal” beskou het, van mening dat Burgers deur die anneksasie van 'n hoë pos ontnem is wat hy moontlik vir 'n lang tyd kon behou het. Voorts meen hy dat Burgers nie alleen waarderding verdien nie, maar ook die Britse regering onder 'n verpligting plaas omdat hy die Boere, wat bereid was om te veg, oorgehaal het om die onvermydelike te aanvaar en in vrede te protesteer en die Britse regering aldus van 'n ernstige botsing gered het. Volgens hom verdien Burgers 'n pensioen en was dit in elk geval onmoontlik om Shepstone se belofte te repudieer. Hy voel dus geneë om Burgers tydelik 'n jaarlikse toelae van £500 te betaal onderwyl sy geval ondersoek word. Sir Michael Hicks Beach, wat Carnarvon as minister opgevolg het, het hiermee akkoord gegaan.³¹ Hy het dus aan Frere geskryf dat hy Burgers graag in een of ander betrekking buite Transvaal wou sien.³² Tot tyd en wyl Burgers in diens geneem word kon Shepstone jaarliks £500 uit Transvaalse fondse aan hom betaal.³³ Die Koloniale Kantoor was nie bereid om Imperiale fondse vir 'n pensioen te gebruik nie en wou ook nie Transvaalse fondse daarvoor aanwend nie. Soos Shepstone dit stel was dit dus „an exceedingly clever way of giving Mr. B(urgers) a provision of £500 a year until he is otherwise provided for and at the same time avoiding the unpopularity that would be shown if it were called a pension”.³⁴

In Mei 1878 het Frere 'n lang onderhoud met Watermeyer gevoer en is besin of Burgers 'n pensioen of 'n aanstelling moes kry. Watermeyer het by hierdie geleentheid en ook kort daarna per brief vir Burgers in die bresse getree en gewys op sy gesondheidstoestand en sy geldelike

30. A. Trollope II, pp. 64-66.

31. C.O. 291/1 nr. 2979/77: Minute Paper deur W. H. Malcolm, 12 Mrt. 1878, R. G. W. Herbert, 14 Mrt. 1878 en M. Hicks Beach, 15 Mrt. 1878.

32. G. H. 4/2 nr. 22: M. Hicks Beach aan H. B. E. Frere (konfidensieel), Downingstraat, 2 April 1878.

33. C.O. 789/13, *African No.* 151, p. 32: M. Hicks Beach aan T. Shepstone (konfidensieel), Downingstraat, 2 Apr. 1878.

34. Shepstone Collection: T. Shepstone aan H. B. E. Frere (privaat), Pretoria, 20 Mei 1878.

nood.³⁵ Hy en ander vriende van Burgers het hule skynbaar sy lot aantrek en gevolglik het Watermeyer dit met Frere gaan bespreek. Op sy beurt kon Frere toe inligting inwin oor die moontlikheid van 'n betrekking of 'n pensioen vir Burgers. Watermeyer het Burgers oor die onderhandelings ingelig, terwyl Frere ook 'n brief in hierdie opsig aan Burgers geskryf het.³⁶ Op hierdie tydstip was Burgers op Hanover, waar hy sy reis per ossewa na die Transvaal moes beëindig omdat sy vrou siek geword het en later ook geboorte aan 'n seun geskenk het.³⁷ Hy het sy vrou hier agtergelaat en na Kaapstad teruggekeer. Hy arriveer op 30 Junie en „daar werd mij door den Gouverneur de keus gegeven tusschen eene betrekking en een geringe toelaag. Om vele redenen o.a. mijne ongesteldheid kon ik het eerste niet aannemen maar drong geldelijke verlegendheid mij dit laaste te accepteren”.³⁸ So skryf Burgers op 30 Julie 1878 aan dr. E. J. P. Jorissen.

Volgens sy verweerskrif het Burgers op grond van Shepstone se belofte teen die toelaag geprotesteer, maar Frere het hom daarop gewys dat Shepstone geen volmag gehad het om so 'n belofte te maak nie „en dat deze toelaag eenvoudig een middel was om my voor verliezen schâvergoeding te geven. Hoe vernederend en voor mijn gevoel kwetsend het aanbod ook was, de omstandigheden drongen mij om het aan te nemen, vooral daar het eigenlijk slechts myn eigendom was wat ik ontvang.” Hy verduidelik voorts dat hy meer as £2 300 en 'n goeie woning en betrekking gehad het voor hy die Kolonie verlaat het, maar hy het as 'n bedelaar en 'n invalide teruggekeer en „dit toont hoe geheel ongegrond de beschuldiging is als had ik de Republiek verraden en daarvoor van de Britsche Regeering betaling erlangd”.³⁹

Intussen het Frere sy mening oor die probleem van 'n pensioen of 'n betrekking aan Hicks Beach bekend gemaak. Hy skryf op 3 Junie 1878 soos volg:

„In reply to your 'confidential' Despatch of the 2nd April last, on the subject of a provision for Mr. Burgers, late President of the former Transvaal Republic, I have the honour to state that, after communication with the Colonial ministry, I have come to the conclusion that it would be difficult, if not impossible, to find any suitable public employment for Mr. Burgers at a distance from the Transvaal, and that his employment in or near the Transvaal would be most inconvenient and detrimental to the public service.

I have had much communication with others besides the Colonial ministry on this subject, and I cannot help thinking that, whatever the people of the Transvaal may think, Mr. Burgers has a fair

35. Engelbrechtversameling 4, lêer 17, pp. 249-250: P. Watermeyer aan T. F. Burgers (privaat), Kaapstad, 28 Mei 1878, en pp. 251-252: P. Watermeyer aan H. B. E. Frere (privaat), ongedateer (27 Mei 1878).

36. *Ibid.*; en Engelbrechtversameling 4, lêer 17, pp. 253-256: H. B. E. Frere aan T. F. Burgers, Kaapstad, 31 Mei 1878.

37. S. P. Engelbrecht, pp. 388-390.

38. Aangehaal in *ibid.*, p. 390.

39. Engelbrechtversameling 8, lêer 29, p. 30: T. F. Burgers se Verweerskrif in *Volksblad*, 24 Des. 1881.

claim to consideration on the grounds that he had the power to turn the scale on the question whether the annexation of the Transvaal to Her Majesty's dominions should, or should not, be opposed by force; that, had he decided, as President of the Republic, to advise the use of force, there would have been great risk of the lives of Sir Theophilus Shepstone and his staff, as well as of at least 36 inhabitants of Pretoria, mostly British subjects, who had been designated by name as the people to be aimed at by the Boers assembled to resist annexation, that any attempt to assassination of any of those persons would have entailed much bloodshed on both sides, and that in advising submission, and acceptance of annexation, Mr. Burgers decided wisely for the interests of the Transvaal, as well as of the neighbouring Colonies. It is also frequently stated by well informed persons, that Mr. Burgers had some reason to believe that, if he abstained from counselling opposition, his personal interests should not suffer.

For all these reasons I think that the provision suggested by Sir Theophilus Shepstone, to the extent recommended by Mr. Sargeant (£500 per annum) is a fair charge on the revenues of the Transvaal, and I would recommend that it be approved or sanctioned by Her Majesty's Government.

It should, however, I think, be distinctly intimated to Mr. Burgers, that he is not at liberty to return to the Transvaal without the leave of Her Majesty's Government, or of the High Commissioner as Her Majesty's representative in South Africa.

I annex a copy of a Despatch just received from Sir Theophilus Shepstone and will communicate to Mr. Burgers, when I learn his present address, the decision conveyed by your Despatch under reply; but I trust that in consideration of what I have above stated, Her Majesty's Government will approve of a life pension of £500 per annum being granted to Mr. Burgers from the revenues of the Transvaal during Her Majesty's pleasure."⁴⁰

Twee weke later het Frere nogeens 'n brief aan Hicks Beach gerig om verslag te doen van 'n verdere onderhoud met Watermeyer waar die belofte van Shepstone weer ter sprake gekom het. Frere het gevoel dat die belofte gestand gedoen moes word indien dit wel gemaak is.⁴¹ Op sy beurt was Shepstone vir Frere dankbaar „for the strong support you have been good enough to give to what I cannot but think is a true and righteous view of Mr. Burger's case”.⁴²

Op 9 Julie 1878 het Frere, skynbaar nadat Burgers aan hom gesê het dat hy 'n toelaag verkies, gehandel op Hicks Beach se vroeëre

40. C.O. 879/13, *African No.* 154, p. 183: H. B. E. Frere aan M. Hicks Beach (konfidensieel), Kaapstad, 3 Jun. 1878.

41. C.O. 879/13, *African No.* 154, p. 264: H. B. E. Frere aan M. Hicks Beach (konfidensieel), Kaapstad, 18 Jun. 1878.

42. C.O. 879/13, *African No.* 162, p. 16: T. Shepstone aan H. B. E. Frere (konfidensieel), Pretoria, 24 Jun. 1878. Vgl. Shepstone Collection: T. Shepstone aan H. B. E. Frere (privaat), Pretoria, 25 Jun. 1878.

magtiging dat £500 per jaar aan Burgers betaal kon word totdat hy 'n ander verdienste het. Hy het naamlik die Standard Bank in Kaapstad skriftelik opdrag gegee om vanaf 12 April 1877, d.w.s. die dag toe Transvaal geannekseer is, op die rekening van Transvaal £500 per jaar kwartaaliks aan Burgers te betaal.⁴³ Uys sowel as Engelbrecht het skynbaar nie hierdie dokument geraadpleeg nie, want albei maak foutiewe afleidings. Engelbrecht meen dat Burgers, wat op 9 Desember 1881 oorlede is, vir ongeveer 18 maande die toelaag ontvang het.⁴⁴ Hoe hy tot so 'n slotsom gekom het, is nie duidelik nie. Uys weer, betwis dit dat die toelaag vanaf 12 April 1877 uitbetaal is en beweer dat die aanvangsdatum Julie 1878 was.⁴⁵ Hy verwys in hierdie opsig na 'n brief wat Burgers aan die redakteur van 'n Zutpense koerant geskryf het en in die werk van T. F. Carter aangehaal word. Die betrokke deel lees soos volg: "... in July 1878 . . . (I) received information that they would allow me £500 per annum out of the Transvaal treasury . . ."⁴⁶ Dit is moontlik om hieruit 'n verkeerde afleiding te maak, maar Uys het tog ook oor 'n brief beskik waarin Shepstone uitdruklik aan Burgers skryf dat die toelaag vanaf 12 April 1877 geld.⁴⁷

Die reëlings vir die toelaag aan Burgers is nie hierna gewysig nie. Ten spyte van Frere se aanbeveling, was Hicks Beach van mening dat die toekenning van 'n pensioen te veel teenkanting in Transvaal en elders sou uitlok. 'n Groter bedrag wou hy ook nie oorweeg nie, want £500 per jaar was vir hom „a fair or even liberal compensation for such prospects as Mr. Burgers possessed of earning an official income in the Transvaal Republic.”⁴⁸ Op 11 Julie 1878 het Hicks Beach aan Shepstone berig dat die Britse regering „the grant of an allowance from Transvaal funds, at the rate of £500 per annum to Mr. Burgers” goedgekeur het. Die voorwaardes daaraan verbonde was dat Burgers nie in of naby Transvaal kon woon sonder die uitdruklike toestemming van die Transvaalse Administrateur nie en dat die toelaag slegs betaalbaar was so lank Burgers sonder 'n verdienste was.⁴⁹ Op 28 Augustus 1878 het Shepstone hierdie beslissing amptelik per brief aan Burgers oorgedra en daaraan toegevoeg: „As you are aware, the spirit of this decision has already been acted upon under the authority of His Excellency the High Commissioner, and that you have received under that authority the allowance herein named from the 12th April 1877.”⁵⁰

43. C.O. 879/14, *African No.* 162, p. 157: H. B. E. Frere aan Standard Bank, Kaapstad, 9 Jul. 1878. 'n Afskrif van hierdie brief in S.S. 412, nr. R258578 by R1495/80 dra die datum 10 Jul. 1878.

44. S. P. Engelbrecht, p. 384.

45. C. J. Uys, p. 415 en p. 146, voetnoot 43.

46. T. F. Carter, p. 40. Kyk ook Engelbrechtversameling 5, lêer 18, pp. 377-382: T. F. Burgers aan B. Cuperus, Buitenzorg, 6 Jun. 1881.

47. C. J. Uys, p. 146, voetnoot 43. Vgl. T. F. Carter, p. 574.

48. C.O. 879/13, *African No.* 154, pp. 300-301: M. Hicks Beach aan H. B. E. Frere (konfidensieel), Downingstraat, 23 Jul. 1878.

49. C.O. 879/13, *African No.* 154, p. 221: M. Hicks Beach aan T. Shepstone (konfidensieel), Downingstraat, 11 Jul. 1878.

50. Engelbrechtversameling 4, ljer 17, pp. 259-260: T. Shepstone aan T. F. Burgers, Pretoria, 26 Aug. 1878.

Om op te som: Burgers is kort voor of kort ná die anneksasie 'n pensioen van £1 000 beloof. Daar is geen besliste aanduiding dat die pensioen as omkoopgeld bedoel was nie. Burgers self het dit wat hy uiteindelik ontvang het, beskou as vergoeding vir die finansiële verliese wat hy in die Republiek gely het. Shepstone en andere meen dat hy daartoe geregtig was omdat hy sy presidentskap verloor het, behoeftig was en 'n oorlog verhoed het wat Brittanje heelwat sou gekos het. Van verraad is daar geen sprake nie. Of hy dit gekry het, soos Uys dit stel „as a reward for his weakness of purpose and impulsiveness which had enabled the Commissioner to effect his object in the manner he did”,⁵¹ sal eers bepaal kan word na 'n deeglike ontleding van die Shepstone-Burgers-verhouding.

Uys is egter op die verkeerde spoor as hy Burgers kritiseer omdat hy gesê het dat hy nie van die Transvaal of van die Britse regering 'n pensioen ontvang het nie.⁵² Burgers was heeltemal korrek. Wat hy ontvang het, was 'n toelaag wat voorwaardelik aan hom toegeken is en nie 'n pensioen of jaargeld wat lewenslank geldig is nie. In der waarheid is die toekenning van 'n pensioen deur die minister van kolonies geweier.

Maar selfs al sou Burgers 'n pensioen ontvang het en al was dit buitengewoon, moet in gedagte gehou word dat die anneksasie ook buitengewone omstandighede geskep het. Talle voormalige republikeinse amp-tenare en selfs Paul Kruger het byvoorbeeld na die anneksasie 'n salaris van die Britse owerheid in die Transvaal ontvang. Die eerlike historikus is dit dus aan die nagedagtenis van Burgers verskuldig om al dergelike omstandighede in ag te neem wanneer hy die sogenaamde Burgerspensioen beoordeel.

Prof. M. C. van Zyl.

51. C. J. Uys, p. 414.

52. *Ibid.*, p. 415.